labour

Department:
Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Unemployment Insurance Fund • Werkloosheidversekeringsfonds
Church Street 94 Kerkstraat, Pretoria. Postal Address/ Posadres: UIF/WVF, Pretoria, 0052.
Enquiries/Navrae: (012) 337-1680. Web: www.labour.gov.za
Fax/Faks No. (1) Proof of Payment/ Bewys van Betaling: (012) 337-1932/1804/1929 **(2) Postage Payments Only/Posgeld Betalings Alleenlik:** 0866366981
uFiling: www.ufiling.gov.za Enquiries/Navrae: 0860345464 or E-mail/E-pos: support@ufiling.co.za

Verwysingsnommer : **2307225/8**

DEPT. VAN ARBEID
DIE HOOF ARBEIDSENTRUM
PRIVAATSAK/PRIVATE BAG X6545
2015 -07- 14
GEORGE 6530
HEAD LABOUR CENTRE
DEPT. OF LABOUR

JFH HOLDING
GENESISSTRAAT 7577
PACALTSDORP
6529

Geagte klient

UNEMPLOYMENT INSURANCE CONTRIBUTIONS ACT, 2002
AANSOEK OM REGISTRASIE

1. Hiermee word bevestig dat u nou as werkgewer by die Fonds geregistreer is. U verwysingsnommer wat in alle briefwisseling met hierdie kantoor gebruik moet word is soos hierbo aangedui.
2. Bydraes is maandeliks betaalbaar en betalings moet hierdie kantoor binne 7 dae na die einde van die maand waarvoor bydraes verskuldig is, bereik. Voorbeeld: Betaling van bydraes wat vir Januarie verskuldig is, moet hierdie kantoor voor of op 7 Februarie bereik. **Belangrik:** Ten einde onnodige boetes en rente te vermy, verseker asseblief dat u betalings hierdie kantoor binne die voorgeskrewe tydperk bereik.
3. Artikel 9(5)(a) van die Wet maak ook daarvoor voorsiening dat 'n eenmalige betaling vir die totale bydraes ten opsigte van 'n finansiële jaar, binne 7 dae na die begin van daardie finansiële jaar gemaak kan word, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

3.1 Die totale bydraes verskuldig moet binne die grense van 'n finansiële jaar of tydperk van bydrapligtigheid gemaak word. "Finansiële jaar" of "tydperk van bydrapligtigheid" beteken 'n tydperk wat begin op die eerste dag van Maart in enige jaar, of op die eerste dag van bydrapligtigheid mits so 'n datum binne 'n huidige finansiële jaar val, en eindig op die laaste dag van Februarie van die volgende jaar, of die laaste dag van bydrapligtigheid mits so 'n datum binne 'n huidige finansiële jaar val.

3.2 Die werkgewer mag nie die werknemer se gedeelte van die totale bydraes vooruit aftrek nie. Aftrekkings moet steeds saamval met die frekwensie van betaling van salaris.

3.3 Indien die bedrag van 'n betaling wat reeds gemaak is minder is as die bedrag wat verskuldig was, moet die werkgewer so gou as moontlik die uitstaande bedrag vereffen. Agterstallige bydraes mag nie van die salaris van 'n werkn emer verhaal word nie.

3.4 Indien dit aan die lig kom dat enige betaling nie verskuldig of betaalbaar was nie, of dat dit meer is as wat verskuldig of betaalbaar was, moet die werkgewer so 'n bedrag of oorbetaalde bedrag wat van die werknemer se salaris verhaal is, aan die werknemer terugbetaal, nieteenstaande daarvan dat die Werkloosheidversekeringskommissaris nog nie die bedrag aan die werkgewer terugbetaal het nie. Terugbetaling moet dan op 'n jaarlikse basis, na die einde van 'n betrokke finansiële jaar, van die Werkloosheidversekeringskommissaris geëis word.

4. Toestemming om anders as maandeliks of eenmalig jaarliks vooruit te betaal kan nie toegestaan word nie.
5. Waar die 7de dag nie 'n "besigheidsdag" is nie, moet betalings voor of op die laaste "besigheidsdag" wat die 7de dag voorafgaan, betaal word. "Besigheidsdag" beteken enige dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie.
6. 'n Boete van 10% asook rente teen die voorgeskrewe koers is betaalbaar op alle agterstallige of onderbetaalde bydraes.

7. Betaling van bydraes kan soos volg gedoen word:

7.1 Direkte Deposito/Elektroniese Oordrag via enige van die volgende Banke of via die uFiling fasiliteit - Sien asseblief item 9 hieronder:

	ABSA	FNB	NEDBANK	STANDARD
Rekeningnommer:	4055481885	51420056941 (Besigheid) 62052400547 (Huishoudelik)	1454041560	010032185
Takkode:	323145	253145	145405	0045
CDI Nommer:	--	--	--	0068730083641

8. BELANGRIK: VERKLARING VAN WERKNEMERS

8.1 Ingevolge die Werkloosheidversekeringswet wat op 1 April 2002 in werking getree het (Wet No. 63 van 2001), kan voordele slegs aan werklose werkers wie se besonderhede op die Fonds se databasis voorkom, betaal word. Dit beteken dat indien werkgewers nalaat om die besonderhede van werkers van wie hulle bydraes vorder te verklaar, sal hulle nie net in stryd wees met die Wet nie, maar sal ook ontbering teenoor werkers wie hulle werk verloor veroorsaak, aangesien die prosessering van eise vertraag sal word.

8.2 Verklarings kan soos volg gedoen word:

- Deur 'n UI-19 vorm te voltooi en dit aan die Fonds, of die naaste kantoor van die Departement van Arbeid te stuur. Vorms is verkrygbaar van die Fonds, die naaste kantoor van die Departement van Arbeid of via die www.labour.gov.za webtuiste; of
- Deur 'n elektroniese verklaring in te dien. Spesifikasies vir die indien van elektroniese lêers is van die Fonds verkrygbaar.

9. Benewens die metodes vir die indien van bydraes en werknemer verklarings genoem onder items 7 en 8, is die uFiling fasiliteit ook beskikbaar. Teken asseblief aan op www.ufiling.gov.za en volg die maklike aanwysings.

10. Stel hierdie kantoor asseblief **skriftelik** in kennis van enige verandering in u geregistreerde besonderhede, of indien u ophou om 'n werkgewer te wees.

Uitgereik deur die Werkloosheidversekeringskommissaris **UF54**

A copy of this letter is available in English upon request.